

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 11/2023
10 Augustus 2023

☏ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Sometimes the future changes quickly and completely, and we're left with only the choice of what to do next. We can choose to be afraid of it. Just stand there trembling, not moving. Assuming the worst that can happen. Or we step forward into the unknown and assume it will be brilliant.*
*– Sandra Oh*

Ons het gister Vrouedag gevier en met al die uitdagings om ons is my wens dat die toekoms vir julle en jul geliefdes uiters rooskleurig sal wees. Mag ons saam positief wees oor die toekoms van ons land en sy mense. Midstream College het in besonder 'n uitsonderlike week op sportgebied en in verskeie kultuursale beleef. 'n Saluut aan almal, ouers, leerders en onderwysers wat agter die skerms dit moontlik gemaak het.

In die lig van Vrouedag beklemtoon ek graag ons meisies se bydrae tot hierdie sukses. Al vier ons meisiehokkiespanne is tans by hulle onderskeie Noordvaal-eindrondtes in Krugersdorp, Ermelo, Tzaneen en Potchefstroom betrokke. Ons meisiemuurbalspan het gister na die SA skolefinaal in Pietermaritzburg vertrek en hulle is vol vertroue om op hul silwer medalje van verlede jaar te verbeter. Ons eerste drieskolekonsert in die Staatsteater gisteraand was 'n reusesukses en ons meisies het vir seker 'n meerderheidsaandeel hierin gehad.

Dankie aan almal wat Dinsdag ons oueraand bygewoon het. Ek wil elke ouer opnuut uitnooi om enige uitdaging en/of probleem dadelik onder ons aandag te bring. Ek het dit al telkemale genoem dat ons net probleme waarvan ons bewus is, kan aanspreek. Feitlik 100% van die leerders het reeds aangedui dat hul die onderskeie kampe en Odyssey in September gaan bywoon. Dankie daarvoor!

Baie sterkte aan al ons sportspanne en kultuurgroepe met al die belangrike wedstryde en optredes wat voorlê. Meer besonderhede volg later in hierdie nuusbrief. Gedurende hierdie bedrywige kwartaal wil ek julle almal aanmoedig om vir 'n oomblik stil te staan en julle seëninge te tel. Soli Deo Gloria.

# AKADEMIE

## BIOWETENSKAPPE-OLIMPIADE

111 Midstreamleerders het aan dié landswye olimpiade deelgeneem, waarvan 43 brons sertifikate verwerf het. Die volgende leerders het silwer sertifikate verwerf: Jan-Albert van Niekerk, Willem Verhoef, Lisa Oosthuizen, Di-Ané van den Berg, Cyra Qin, Courtney Williams en Kyran Nair. Jan-Albert was Midstream se toppresteerder.

## TOP-3-AKADEMIE

Na die halfjaareksamen is die topakademiese leerders per graad soos volg:

**Graad 8:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lisa Strauss | 96.00% |
| 2. | Lisa Rautenbach | 94.15% |
| 3. | Surita van Heerden | 93.31% |

**Graad 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lin-Mari Rudolph | 96.92% |
| 2. | Elmien van der Walt | 95.31% |
| 3. | Lené Liebenberg | 94.15% |

**Graad 10**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Renate Maré | 97.43% |
| 2. | Jenhara Rooplall | 96.00% |
| 3. | Lucka Nieuwenhuis | 94.43% |

**Graad 11**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Cara-Renette Ponting | 95.43% |
| 2. | Danielle Rossouw | 94.43% |
| 3. | Karla Alberts | 92.43% |

**Graad 12**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Jean Blignaut | 94.57% |
| 2. | Simoné Swart | 92.71% |
| 3. | Marco van der Westhuizen | 92.14% |

## VAKVERANDERINGE

Neem kennis dat geen vakveranderinge in die vierde kwartaal toegelaat word nie. Indien u kind dit tans oorweeg om 'n vak te verander, word u versoek om me Madelaine Matthys (mmatthys@midstreamcollege.co.za) te kontak.

# KULTUUR

## MC³-KONSERT

Gisteraand het die verhoog van die Pretoria Staatsteater lewendig geword met 'n betowerende vertoning van talent van Midstream College, Midstream Primêr en Midstream Ridge Laerskool wat vir 'n onvergeetlike konsert verenig het. Met meer as 840 deelnemers was die ouditorium vol afwagting toe die gordyne gelig het en 'n verhoog onthul het wat met 'n magdom musiekinstrumente, kleurvolle kostuums, melodieuse wysies uitsonderlike dans en choreografie versier is.

Die passie en toewyding van elke kunstenaar was werklik inspirerend en dít toon 'n blink toekoms vir die wêreld van kuns en kultuur. Ons betuig ons innige waardering aan almal wat bygedra het om hierdie uitsonderlike aand 'n werklikheid te maak.

## REVUE

Die revuegroep het aan die Centurion Kunstefees deelgeneem en 'n A++ verwerf. Hulle is ook as kategoriewenners aangewys.

## MELODIA

Melodia het aan die Centurion Kunstefees deelgeneem en 'n A++ ontvang.

## FAK ALLEGRETTO TONEELFEES

| Naam van toneel: SINNE.LOOS | | |
|---|---|---|
| Brons | Silwer | Goud |
| Produksie en teks<br>Klank – Daniël Reinecke<br>Beligting – Pieter du Plessis<br>Toneelspel – Anika Malan | Dekor, tegnies en kostuums<br>Klank – Daniël Reinecke<br>Beligting – Pieter du Plessis<br>Verhoogbestuur – Ryan Smith | |
| Naam van toneel: VIVA LA RESISTANCE! | | |
| Brons | Silwer | Goud |
| Toneelspel – Jaco Kriel & Isabel Kriel | Regie, teks, ensemble spel, produksie en tegniese aspekte<br>Hulpregisseur – Brendan Swanepoel<br>Verhoogbestuur – Karla Storm & Hanro Pelser<br>Klank – Bianca Joubert<br>Spel – Annerine Bester, Brendan Swanepoel | Dekor<br>Beligting – Kendra van Wyk<br>Kostuums – Alika van der Merwe<br>Spel – Mieke Combrinck |
| Naam van toneel: VIVA LA RESISTANCE! (tydens die semifinaal) | | |
| Brons | Silwer | Goud |
| | Spel – Chanie van der Watt | Tegnies en verhoogbestuur<br>Klank – Bianca Joubert |

## PRONK PODIUM

| Naam van toneel: SINNE.LOOS | | |
|---|---|---|
| Brons | Silwer | Goud |
| Ensemble, regie en choreografie<br>Beligting – Pieter du Plessis<br>Plakkaat – Daniël Reinecke<br>Spel – Anika Malan en Lené Liebenberg. | Teks, kostuums en grimering<br>Dekor – Lara Wiehahn en Ryan Smith<br>Klank – Daniël Reinecke | |

| Naam van toneel: VIVA LA RESISTANCE! | | |
|---|---|---|
| **Brons** | **Silwer** | **Goud** |
| Toneelspel – Isabel Kriel, Chanie van der Watt, Fransiska Rall, Brittany Boshoff & Henro Fourie | Choreografie, regie, teks en tegniese aspekte<br>Hulpregisseur – Brendan Swanepoel<br>Spel – Mieke Combrinck, Jaco Kriel & Brendan Swanepoel<br>Verhoogbestuur – Karla Storm & Hanro Pelser | Rekwisiete, dekor en beligting – Kendra van Wyk<br>Klank – Bianca Joubert<br>Spel – Annerine Bester<br>Kostuums en grimering – Alika van der Merwe<br>Grimering – Chanie van der Watt |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za), te stuur.

# SPORT

Sport by Midstream College is besig, maar beleef 'n bloeitydperk met ongekende prestasies en vele hoogtepunte. Ons bedank elke afrigter, leerder en ouer wat 'n aandeel in ons groei en prestasies het.

## MEISIESHOKKIE

Al vier ons A-spanne het geskiedenis gemaak deur vir die Noordvaal A-toernooi te kwalifiseer. Die o. 14A reis na Krugersdorp, die o. 15A na Ermelo, die o. 16A na Tzaneen en die 1ste span na Potchestroom. As voorbereiding het die spanne verlede naweek 'n vriendskaplike wedstryd teen Pietersburg gespeel. Die uitslae was soos volg:

| Span | Telling |
|---|---|
| o. 14A | 2 – 2 |
| o. 15A | 0 – 2 |
| o. 16A | 0 – 0 |
| 1ste | 1 – 3 |

## SEUNSHOKKIE

Al drie A-spanne se Noordvaaltoernooie het verlede week plaasgevind. Die uitslae is soos volg:

| Span | Wedstryd 1 | Wedstryd 2 | Wedstryd 3 | Wedstryd 4 | Wedstryd 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| o. 14A | Merensky<br>2 – 1 | HTS Witbank<br>3 – 1 | Louis Trichardt<br>2 – 1 | Potch Gim<br>1 – 0 | Nelspruit<br>2 – 1 |
| o. 16A | Transvalia<br>11 – 1 | Krugersdorp<br>4 – 0 | Louis Trichardt<br>4 – 0 | Merensky<br>2 – 0 | HTS Witbank<br>3 – 2 |
| 1ste | Pietersburg<br>1 – 3 | Linden<br>3 – 2 | Sasolburg<br>2 – 3 | Noordheuwel<br>1 – 2 | Pietersburg<br>1 – 2 |

Ons 1ste span eindig 8ste in die Noordvaal A-toernooi wat in Linden gehou is. Die o. 16A-span wen die goue medalje by die Noordvaal B-toernooi in Middelburg en die o. 14A-span eindig 3de by die Noordvaal A-toernooi in Pietersburg.

## RUGBY

Die uitspele van die SDC-Noordvaalbeker het op 29 Julie plaasgevind. Die uitslae is soos volg:

| Span | Opponente | Plek | Telling |
|---|---|---|---|
| o. 14A | Frikkie Meyer | Thabazimbi | 23 – 13 |
| o. 15A | Ben Viljoen | Groblersdal | 0 – 24 |
| o. 16A | Wagpos | Brits | 20 – 21 |
| 1ste | Frikkie Meyer | Thabazimbi | 28 – 23 |

Op 5 Augustus was die o. 14A's en die 1ste span by die kwarteindrondte betrokke. Die uitslae was soos volg:

| Span | Opponente | Plek | Telling |
|---|---|---|---|
| o. 14A | Randburg | Johannesburg | 23 – 22 |
| 1ste | Ermelo | Ermelo | 36 – 20 |

Sterkte aan die o. 14A-span wat hierdie naweek teen Wagpos in Brits en die 1ste span wat teen Potch Gimnasium in Potchefstroom in die semifinaal van die toernooi te staan kom.

## RUITERSPORT

Die uitslae van die Gauteng-streeksfinaal verlede naweek:

| Ruiter | Item | Plek |
|---|---|---|
| Kiara Kok | Show jumping 70 cm | 1ste |
| Kynan van Zyl | Working hunter 70 cm<br>Working hunter 90 cm<br>Show jumping 70 cm<br>Show jumping 90 cm<br>Vaulting | 1ste<br>5de<br>6de<br>7de<br>1ste en 2de |
| Michelle du Preez | Working riding<br>Performance riding | 3de<br>6de |
| Jodi Slade | Equitation | 2de |
| Louis Verhoef | Dressage elementary meduim | 7de en 5de |

## LANDLOOP

Die uitslae van die tweede ligaresies is soos volg:

| Afdeling | Meisies | Seuns |
|---|---|---|
| Juniors | 5de | 11de |
| Seniors | 7de | 8ste |
| Algeheel | 6de | 9de |

Individuele prestasies:

| Afdeling | Atleet | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 14 | Carmia van den Berg<br>Caitlin Arendse<br>Elle Gouws | 9de<br>13de<br>16de |
| Meisies o. 16 | Jané Male<br>Lente Groenewald | 12de<br>16de |
| Meisies o. 17 | Zabine von Westernhagen<br>Danielle Rossouw | 6de<br>12de |
| Seuns o. 14 | Rupert Groenewald | 3de |
| Seuns o. 16 | Déan Fourie | 20ste |
| Seuns o. 17 | Xavier van der Leek<br>Juan Breytenbach | 7de<br>9de |
| Seuns o. 18 | Eben de Wit | 12de |

## KRIEKET

Die T20 SMASH se vier spanne met graad 6- tot 9-leerders het suksesvol afgeskop. Die spanne is as volg: Midteam Foxes, Healthcare Wolves, Pallidus Rhinos en Sasol Ridge Huskies. Kom ondersteun gerus môre die derde rondte by Midstream Ridge Laerskool en die College se Bondev-stadion.

'n Senior span het verlede week 'n vriendskaplike wedstryd teen Sutherland gespeel:

| Span | Uitslae | Kommentaar |
|---|---|---|
| Sutherland 1 | Midstream 247/10<br>Sutherland 148/10<br>Wen met 99 lopies | Jordan le Roux 45<br>Janco van Heerden 35<br>Rikus Cilliers 4/37 in 10 beurte<br>Jordan le Roux 1/12 in 10 beurte |

Ons is ook besonder trots op ons o. 15A-span wat onoorwonne was op hulle toer na Tzaneen. Hulle het teen topskole soos Zwartkop, Garsfontein XI, Potchefstroom Volkskool en Ben Vorster meegeding en Maarten Nortjé is met twee honderdtalle en 338 lopies as die kolwer van die week aangewys.

## SAGTEBAL

Onlangse uitslae is soos volg:

| Span | Willowridge | Rietondale | Sutherland | Amberfield |
|---|---|---|---|---|
| o. 14A | 17 – 0 | 11 – 7 | | |
| o. 14B | | | 18 – 8 | |
| o. 14C | | | 12 – 6 | |
| o. 14D | | | 17 – 5 | |
| o. 15A | 19 – 0 | 13 – 1 | | |
| o. 15B | | | 8 – 12 | |
| o. 16A | 13 – 11 | 10 – 3 | | |
| o. 16B | | | 19 – 8 | |

| Span | Willowridge | Rietondale | Sutherland | Amberfield |
|---|---|---|---|---|
| o. 19A | 16 – 3 | 12 – 12 | | |
| o. 19B | | | 10 – 5 | 14 – 3 |
| o. 19C | | | | 13 – 18 |

## MUURBAL

Individuele uitslae van die onlangse CJS-toernooi was soos volg:

| Afdeling | Speler | Plek |
|---|---|---|
| Uitsig Groep 1 | CA Froneman | 2de |
| Uitsig Groep 2 | Elzandri Janse van Rensburg<br>Anushka Janse van Rensburg<br>Namratha Eswari Niranjan | 2de<br>Plaatwenner<br>Plaatwenner |
| Uitsig Groep 3 | Kaleigh Reddy<br>Abigail Dean | Plaatwenner<br>Plaatwenner |
| Uitsig Groep 4 | Martin de Koning<br>Hayden Davy | 3de<br>Plaatwenner |
| Irene Groep 1 | Rachel de Beer | 2de |
| Irene Groep 4 | Vaughn Rowlands | 1ste |

Sterkte aan ons 1ste meisiespan wat tans aan die SA Skolekampioenskap in Pietermaritzburg deelneem.

## TENNIS

‘n o. 15-seunspan en twee meisiespanne het aan die toernooi in Buffelspoort deelgeneem. Die Midstream 1-seunspan het 6de, die Midstream 1-meisiespan 5de en Midstream 2-meisiespan 10de uit die 12 spanne geëindig.

## SKAAK

Tydens D4-Distrikfinaal het ons o. 19A-span ‘n algehele 4de plek behaal. Die o. 15A-span wen hulle afdeling en dring deur na die Gauteng-finaal later hierdie maand.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

### Gholf

Ruben-hein Churr het die Golf RSA Sun City SA o. 15-toernooi by die Gary Player Country Club gewen. Hy het ook aan die Junior Wêreldkampioenskap in Florida in die VSA deelgeneem en 8ste geëindig.

### Yshokkie

Kallen Grant is in die SA o. 18-oefengroep ingesluit wat ons land in Bulgarye gaan verteenwoordig.

**Judo**
By die Statebondkampioenskap wat verlede week in Gqeberha gehou is, het Marco van der Westhuizen 'n brons medalje in Groep 5 (o. 73 kg) verower.

**Swem**
Enkele klubswemmers het die afgelope twee naweke aan die NTS Senior (15 jaar en ouer) en NTS Junior (14 jaar en jonger) Kortbadkampioenskap deelgeneem het:

| NAAM | PLEK |
|---|---|
| Nicholas Cownie | Silwer – 1 500 m-vryslag<br>1 nuwe vlak 3-tyd vir 2024 |
| Juan Pretorius | 2 nuwe SANJ-tye vir 2024 |
| Grace Powell | Silwer – 100 m-vryslag en 100 m-vlinder<br>Brons – 200 m-IM |
| Jemma van Wyk | 5de plek – 200 m-vryslag<br>1 nuwe SANAT-B-tyd vir 2024 |
| Rouxné du Plessis | 5de plek – 100 m-rugslag<br>1 nuwe SANJ-tyd vir 2024 |
| Lyla van der Spuy | Goud – 200 m-vlinderslag<br>Brons – 100 m-rugslag en 100 m-vlinderslag |
| Jana Swiegers | Brons – 100 m- en 200 m-rugslag |
| Demi Jacobs | 4de plekke – 400 m-IM en 100 m-rugslag<br>1 nuwe SANAT-B-tyd vir 2024 |
| Xander du Toit | Brons – 200 m-IM<br>4de plek -50 m-vryslag en 100 m-vlinderslag |
| Adrian van Wyk | Silwer – 50 m-, 100 m-, 200 m-vryslag en 200 m-rugslag<br>Brons – 100 m-rugslag<br>1 nuwe SANAT-A-tyd vir 2024 |
| Lance Cromhout | Goud – 400 m-vryslag (NTS-rekord gebreek)<br>Silwer – 100 m-rugslag<br>4de plek -200 m-vryslag |
| Michael Kleynhans | Brons – 400 m-vryslag<br>1 nuwe SANAT-B-tyd vir 2024 |

# ALGEMEEN

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE

### MR. TEEN EARTH SOUTH AFRICA

Wandele Cibi is as Mr. Teen Earth South Africa aangewys. Hy gaan later vanjaar in Equador aan Mr. Teen Earth World deelneem.

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 24 Augustus 2023